AFDELING 3

HEIDELBERG - MÔRE

STRATEGIE

'N BEWARINGSSTRATEGIE EN BELEID VIR HEIDELBERG

Die begrip van bewaring as slegs die identifisering van bestaande artefakte wat in die toekoms beskerm moet word, het deur die jare 'n duidelike klemverskuiwing ondergaan.

Bewaring word vandag veel eerder as die kontrole van die pas van verandering binne 'n gebied of plek beskou en stel ten doel die bekende of verlangde kwaliteit van sodanige plek. Dit is die bewuste bepaling en stelling van 'n idioom vir toekomstige dorpskarakter, gebou op die bestaande en herroepbare kwaliteit.

Indien hierdie benadering aanvaar kan word, vereis dit die gedurige aanwending en aanpassing van 'n strategie wat deel uitmaak van die proses van stadsbou - dus bewaring as een van die genereerders vir die opbouing van 'n plek as kunswerk.

Met die aanvaarding van die dinamiese rol van bewaring as genereerder, vervaag die belang van die blote identifisering, lysting en statutêre skepping van monumente en word die potensiële betrokkenkeid van die Munisipaliteit grootliks verhef. Dit is hierdie betrokkenheid en rol wat aangespreek word.

In vorige hoofstukke word merkwaardige geboude artefakte sowel as die deurdringende dorpskarakter van Heidelberg identifiseer. Die betekenisvolle rol wat hierdie in die toekoms kan speel is afhanklik van die heersende houding jeens die verlede wat hierdie artefakte en karakter opgelewer en bepaal het, asook die duidelikheid van 'n toekomsblik waarin hulle akkommodeer (moet) word.

Sou die erfenis van die verlede vandag van belang wees om ook vir die toekoms gekoester te word, dan behoort 'n waardering van die verlede en die toekoms van daardie verlede aktief deur die stadsvaders stimuleer en ondersteun te word.

Wat vereis word is 'n skerp en verbreide toekomsvisie wat hierdie benadering verweef met die verlangde geheelbeeld.

## 1. DIE MUNISIPALITEIT AS KURATOR VAN DIE VERLEDE

Om 'n begrip vir en waardering van die verlede binne die gemeenskap te kweek en uit te bou, is dit noodsaaklik dat die Stadsraad self hierdie verlede moet waardeer en bewys lewer van hulle waardering daarvan.

Wat is die fisiese nalatenskap waarvan die Raad die erfgenaam en kurator is? Die volgende kan identifiseer word:

.Geboue - Raadskamers, Munisipalekantore, magasyne, geboue op Raadsgrond - of hulle in gebruik of in onbruik is;
.Pleine en oop plekke;
.Ingenieurswerke - Paaie, brûe, sypaadjies, waterwerke.
.Straatmeublement - Posbusse, telefoonhokkies, straatbanke, bushokkies, straataanwysers en verkeerstekens, telefoon- en ligpale;
.Stadsversierings - beeldhouwerk, plaveiwerk, randstene, straatmure, stormwaterroosters en -kanale.

Die strategie vir die hantering van hierdie erflating moet een van besorgdheid en sorg wees. Besluite wat dit raak behoort bewysbaar verantwoordelik te wees. Die houding van sorg moet vanaf die Raad deur die gemeenskap tot by die werkers syfer omdat dit uiteindelik hulle aksies is wat die voorwerp van besorgdheid beïnvloed.

Indien moontlik moet versteurde voorwerpe na hulle oorspronklike toestand teruggeneem word. Verenigbare materiale moet tydens onderhoud en opknapping gebruik word en die affekteerde area van herstel moet slegs die noodsaaklike minimum wees om die versteuring van die oorspronklike weefsel sover moontlik te beperk.

Die beginsels van die Handves van Venisië (1964) kan moontlik Munisipale beleid word. Kyk Bylaag 3.

## 2. DIE NATUURLIKE OMGEWING

Die natuurlike omgewing van die dorp het die plasing daarvan bepaal en diè omgewing bepaal tot 'n groot mate steeds die karakter van Heidelberg.

Die dorp is naby ander gebiede, bekend vir hulle natuurlike skoonheid. 'n Aktiewe veldtog om die natuurlike bates te bewaar en te verbeter sal die bewaringsonderneming van die munisipale leiers ondersteun en versterk en 'n addisionele aantrekkingskrag vir besoekers en naweektoeriste daarstel. Sodanige aksie kan verder as genereerders vir die streeksomgewing dien en 'n wyer gees van bewaring en sorg stimuleer.

Die proklamasie van 'n bewaringsgebied, moontlik deur die bepaling van 'n kontoerlyn, langs die twee stroomlope en die Blesbokrivier kan aan die Raad gesag verleen oor eiendomme wat aan hulle grens. 'n Aktiewe en doelgerigte beleidsbesluit ten opsigte van die bewaring van die karakter van hierdie natuurlike bates benodig dringende aandag.

Kanalisering, opdamming, pypleidings en enige ander ingryping in die vloei van die strome en rivier behoort versigtig kontroleer te word - deur Stadsraadsbepalings maar veral deur leiding aan oewereienaars. Kyk ook Bylaag 4.

Plantegroei in hierdie boomryke groen stroke behoort bestudeer en ontleed te word en 'n deurdagte plan vir toekomstige verandering en uitbreiding behoort opgestel en gevolg te word.

## 3. VOORUITGANG EN BEWARING

Bewaring as 'n term is wydoop vir verskeie interpretasies en omskryf uiteenlopende filosofiese gesigpunte in verhouding tot die omgewing. Motiewe wissel van die materialistiese of kostebeperking, energiebewaring en versigtige gebruik van grondstowwe tot dié wat stel dat die ryke matrys van tyd, soos verbeeld in die ontwikkelende vesel van dorpe en stede of die onaangeraakte ruheid van die natuur, noodsaaklik vir die mens se psigologiese welstand is.

Bewaring stel vandag die kwaliteit van die menslike omgewing ten doel en hiervan is die historiese assosiasie met voorbeelde uit die verlede slegs 'n noodsaaklike onderdeel. Die begrip is al gedefinieer as die beplande kontrole van die spoed van verandering en vooruitgang.

Bewaring keer of inhibeer gevolglik nie noodwendig vooruitgang nie, maar die bewaringsgees beïnvloed die besluite oor toekomstige beplanning en konstruksie.

Respek vir en verwysing na die bestaande weefsel kan in werklikheid bevorderlik vir 'n verrykte ontwerprespons wees. Wanneer opdragte aan konsultante gegee word, hoort die betrokke munisipale departemente hulle betrokkenheid by die bestaande oor te dra deur dit pertinent deel van enige opdrag te maak, of dit nou vir Stadsraadwerk of geboue komplekse is.

Die spesifieke besorgdheid van die gemeenskap moet artikuleer word omdat die begrip van bewaring verder as die bloot fisiese omgewing strek, die psiogologiese omgewing betree en gevoelswaardes aanraak soos 'n "gevoel van privaatheid", "huishoudelike skaal", "bekende landmerke", "akademiese atmosfeer" of "geheelkonsep".

Hierdie kwaliteite is dikwels nie onmiddellik duidelik vir die buitekonsultant nie en behoort daarom uitgespel en klokhelder gestel te wees met enige ontwerpsopdrag.

## 4. DIE STAD AS KUNSWERK

> "The building of cities is one of man's greatest achievements. The form of his city always has been and always will be a pitiless indicator of the state of his civilization. This form is determined by the multiplicity of decisions made by the people who live in it. In certain circumstances these decisions have interacted to produce a force of such clarity and form that a noble city has been born" (Bacon,1968:7)

Selfs al is Heidelberg klein en skynbaar onbelangrik in vergelyking met Parys, Rome of Londen, mag en moet dit saam met hierdie stede 'n trotsbesef in 'n eie identiteit deel en die visie van sy toekoms moet die bestendiging van sodanige identiteit insluit.

Dit wil voorkom asof Heidelberg tans wyfel oor 'n rigting vir die toekomstige karakter, 'n twyfel wat sterk beïnvloed is deur die besluit om die Onderwysopleidingskollege uit die dorp te skuif.

Dit wil verder voorkom asof die rol van 'n woondorp vir professionele mense van die Rand en Johannesburg die vroeëre karakter van 'n akademiese enklave aanvul en moontlik moet hierdie karakter gekoester en uitgebou word.

Die militêre owerhede kan aangemoedig word om die basis in die dorp as 'n akademiese opleidingsentrum te gebruik, maar hierdie besluit lê buite die veld van hierdie verslag of die magte van die plaaslike owerheid en kan

gevolglik nie as 'n betroubare basis of deel van 'n bewaringstrategie geneem word nie.

Uit die voorafgaande word dit duidelik dat bewaring deel is van 'n dinamiese proses van vernuwing en dat hernuwing gekweek word binne 'n gees van die teenwoordige wat 'n sterk visie vir die toekoms het.


Indien bewaring suksesvol deurgevoer sal word, moet dit verteenwoordigend en gedeel word en nie eksklusief of elitisties wees nie. Die sukses hang af van leiding, rigting en toewyding. Dit kan nie ad-hoc of stuksgewys aangepak word nie.

Alhoewel skynbaar teenstrydig behoort bewaring die proses van verandering aan te help en daardie verandering behoort 'n omvattende en samehangende geheel te vorm en die geheel behoort die dorp as 'n kunswerk te wees - geskep deur sy inwoners in die verlede, vandag en in die toekoms.

Bewaring en die kwaliteit van die omgewing is nie alleen die verantwoording van buite instansies soos die Regering, R.N.G., Museums of drukgroepe nie, maar behoort die spontane besorgdheid van al die erfgename van die verlede te wees, wat hulle as kurators beskerm, verhef en nalaat vir hulle nageslagte.

## 5. BEWARINGSBELEID

Algemene en spesifieke voorstelle vir die bewaring van plekke van belang in Heidelberg is met die detailbeskrywings gemaak. Die ideaal is dat hierdie identifiseerde plekke in die toekoms sal bly voortbestaan. Om dié ideaal te kan bereik is dit nodig dat 'n bewaringsbeleid deur die Stadsraad opgestel word.




Figuur 4.1 - Stappe van en volgorde binne 'n Bewaringsplan
Kerr, J.S. 1985. The conservation plan. Sydney: National Trust of Australia. p2.

Die bewaringsbeleid, die stelling en bekendmaking van daardie beleid en 'n strategie om die beleid deur te voer, is die tweede groot stap in die bewaringsplan. Kyk Figuur 4.1.

## 5.1. Inligting vir 'n bewaringsbeleid

Alle inligting benodig om 'n bewaringsbeleid op te stel behoort ondersoek en bepaal te word. Dit sluit in:

.die vereistes en beperkings wat uit die belang van 'n plek in sy klassifikasie voortvloei (klassifiseerde geboue (1/M, 1/R, 2 en 3) moet verder en in detail ondersoek word om hulle vaste belang as individuele plekke en hulle belang in die konteks te bepaal. Sorg moet gedra word om nie die belang te verdraai om vereistes eenvoudiger te maak nie).
.die kliënt se vereistes en vermoëns en die herbruikbaarheid van die plek;
.die fisiese toestand van die plek
.eksterne faktore.

## 5.2. Ontwikkeling van 'n bewaringsbeleid

Die belangrikste besluit wat geneem moet word het te doen met die noodsaaklikheid.

.om die belang te bewaar en te verhef;
.om verlangde en paslike gebruik te bepaal;
.om statutêre vereistes te bevredig;
.om binne die vermoëns van die Raad of die kliënt te werk.

Die bewaringsbeleid, vasgelê in 'n verslag, is 'n essensiële voorvereiste om besluite in die toekoms te kan neem.

Dié beleid moet deur die Raad in samewerking met historici, kundige argitekte en finansiers bepaal word.

Die doel van die bewaringsbeleid is om te stel hoe die bewaring van 'n plek of gebied die beste bereik kan word en hoort die aspekte hieronder genoem aan te raak.

5.2.1. Weefsel en kwaliteit

Die beleid moet die mees paslike manier om vir die identifiseerde kwaliteit van Heidelberg te sorg, bepaal.

5.2.2. Gebruik

Die beleid moet 'n gebruik of kombinasie van gebruike of beperkings van gebruike bepaal om te sorg vir die behoud of herstelling van die belang van 'n plek of omgewing.

5.2.3. Bestuur

Die beleid moet 'n bestuurstruktuur om die beleid te implimenteer, bepaal. Dit sluit in die identifisering van wie verantwoordelik sal wees vir toekomstige bewarings- en bestuursbesluite en wie verantwoordelik sal wees om eienaars en kliënte in te lig en te lei ten opsigte van die bewaringsbeleid en -strewes.

5.2.4. Finansies

Die beleid moet die finansiële implikasies stel en die Raad en inwoner se betrokkenheid by die finansiering van bewaring.

5.2.5. Leidrade vir toekomstige bouwerk.

Die beleid moet leidrade neerlê vir die bewaring, herstel of restourasie van elke hoog geklassifiseerde plek of gebied en leidrade neerlê vir toekomstige invulwerk en

nuwe ontwikkelings, veral in bewaringsgebiede en om of by individuele plekke van belang.

### 5.2.6. Hersiening

Die beleid moet voorsiening maak vir die hersiening daarvan.

## BIBLIOGRAFIE

BACON, E.N. 1968. Design of cities. New York: Viking.